

# SAAM-PRAAT-PAPIER

15 JUNIE 2014

(2 SAMUEL 13-18)

## GOEIE NUUS VIR PA'S

**2 Sa 15:1-15 Daarna het Absalom vir hom 'n kar en perde aangeskaf. Vyftig man het gewoonlik voor hom uit gehardloop. (2) Hy het soggens vroeg opgestaan en langs die pad by die stadspoort gaan staan. Hy het elkeen wat met sy saak vir 'n beslissing na die koning toe gekom het, na hom toe geroep. "Uit watter stad is jy?" vra hy dan. As die man antwoord: "Ek is 'n Israeliet," (3) sê Absalom vir hom: "Kyk, jy het 'n sterk, regverdige saak, maar by die koning sal niemand na jou luister nie." (4) Dan voeg Absalom by: "As ék maar net as regter in hierdie land aangestel word, sou ek 'n regverdige uitspraak lewer vir elkeen wat met 'n geding of saak na my toe kom." (5) As so iemand nader kom om voor hom te buig, slaan Absalom sy arms om hom en soen hom. (6) So het hy gemaak met al die Israeliete wat vir regspraak na die koning toe gekom het, en op hierdie manier het hy die burgers se harte gesteel. (7) Na vier jaar het Absalom vir die koning gesê: "Ek wil graag my gelofte wat ek teenoor die Here afgelê het, in Hebron gaan betaal, (8) want terwyl ek op Gesur in Aram gebly het, het ek beloof: As die Here my veilig na Jerusalem toe laat terugkom, sal ek Hom met 'n offer vereer." (9) Die koning het geantwoord: "Gaan gerus maar." Hy het toe klaargemaak en na Hebron toe gegaan. (10) Absalom het ook boodskappers na al die Israelitiese stamme toe gestuur om te sê: "As julle die ramshoring hoor, moet julle sê: Absalom het koning geword in Hebron." (11) Saam met Absalom was daar twee honderd genooides wat te goeder trou uit Jerusalem saamgegaan het. Van die hele sameswering het hulle niks geweet nie. (12) Absalom het ook Dawid se adviseur Agitofel die Giloniet laat kom uit die stad Gilo waar hy besig was om offers te bring. So het die sameswering ernstige afmetings aangeneem, en die volk het al hoe meer na Absalom toe oorgeloop. (13) Toe kom daar iemand by Dawid met die berig: "Die hele Israel is aan Absalom se kant." (14) Dawid het toe sy hele hofhouding wat by hom in Jerusalem was, beveel: "Maak klaar. Laat ons vlug, want Absalom sal geen genade vir ons hê nie. Maak gou voordat hy ons dalk inhaal en 'n groot ramp ons tref deurdat hy 'n bloedbad in die stad aanrig." (15) Hulle het die koning geantwoord: "Net soos die koning verkies. Ons is gereed."**

**2Sa 15:23 Al die mense, al die inwoners van die stad, het hardop geloop en huil. Die hele volk en die koning het deur Kedronspruit getrek en toe het die volk in die rigting van die woestyn koers gekies.**

**2Sa 15:30 Dawid het die Olyfberg huil-huil uitgeklim en as teken van sy droefheid was sy kop toegemaak en het hy kaalvoet geloop. Almal wat by hom was, het ook hulle koppe toegemaak en huil-huil die helling uitgeklim.**

Dawid was suksesvol in baie opsigte behalwe as Pa.
Die dramas rondom Amnon, Tamar, Absalom en Adonia
Dawid was passief...afsydig....onbetrokke mbt sy kinders
GOEIE NUUS VIR PA'S:



1 VIR DAWID WAS DIT TE LAAT...MAAR NIE VIR ONS NIE
2 GOD HET TSV DAWID SE ONSUKSESVOL WEES AS PA DEUR HOM SY GROTER DOEL BEREIK
3 GOD VERTROU ONS VOLKOME MET DIE KINDERS WAT HY AAN ONS TOEVERTROU
4 ONS HET 'N VOLMAAKTE HEMELSE PA AS ROLMODEL
Hy is aktief by ons teenwoordig deur Sy liefde, Sy vergifnis, Sy aanmoediging/dissiplinering, Sy deernisvolle hulp in nood.
5 PA'S KRY OOK SEER
6 SELFS DIE VOLMAAKTE VADER HET PROBLEME MET SY KINDERS
7 HY HET ONS KINDERS LIEWER AS WAT ONS HULLE KAN HÊ

***Vraag: watter aspek van die goeie nuus beteken vir jou die meeste?***